# Ramshoring

*Waar julle ook al die Ramshoring hoor blaas daar moet julle saamtrek. Nehemia 4v20*

November 2018
Jaargang 34 Nr 4



## Inhoudsopgawe

1. Brief van die Redaksie
2. In God se Kerk God se lied 1 en 2- Gerard Schuring
3. Grappies- Jaco Venter

   Musiek Koerant –Gemeente nuus
4. Antjie Potgieter skitter vir musiek
5. Onderhoud Albert du Plessis
6. Onderhoude uit die gemeente
7. Verjaarsdae en Belydenis van geloof- Kitty van der Walt
8. Kerkraad besluit oor ons plaaslike Kerksang- Tjaart Coetzee
9. Rapport van die finansiële kommissie – Driaan du Plessis
10. Diakonie- Andries Buys jnr.
11. Musiek projekte

Die inhoud van die artikels in hierdie blaadjie, is die standpunt van die skrywer en nie noodwendig die standpunt van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi nie.

# Redaksioneel

Hierdie uitgawe se tema is musiek. Ek het net weer onder die groot indruk gekom van God se liefde vir ons. Hy het elke een van ons so uniek gemaak. Vir sommige van ons het Hy musiek ore gegee en vir ander musiek voete. Die meeste van ons identifiseer iewerste met musiek. Vir baie is musiek die middel waardeur hulle God ervaar en beleef. Ek het net weer besef dat God elke een van Sy kinders toegerus het met verskillende gawes waarmee HY wil hê ons Hom moet dien. As jy geroep voel vir die Gereformeerde Kerk Thabazimbi dan moet jy God vra hoe Hy jou hier in hierdie gemeente wil gebruik om Sy lig uit te dra. Ons almal is bekommerd oor die Kerk wat leeg loop , die Kerk wat dood is...Maar wat het JY gekry om lewe terug te blaas in hierdie gemeente?

Paulus sê in Efesiërs 5 dat ons Jesus se voorbeeld moet volg . Hy was 'n lieflike reukoffer aan God. Ek wonder wat se reuk hang in die Gereformeerde Kerk Thabazimbi se gange? Het jy al ooit so daaraan gedink dat jy deur jouself op te offer vir jou mede lidmaat se behoeftes 'n lieflike geur vir God afskei?

Paulus noem 'n klompie afskuwelike sondes en dan sê hy wat by mense wat aan God behoort pas , is dank. Hoe dankbaar is jy? Ek praat nie van lippe dankbaarheid nie. Ek praat van dankbaarheid uit jou hart? Dankbaarheid uit jou hart se vrugte is , vreugde , liefde en diens. Ons is nie dankbaar nie..ons bekommer net oor wat ons wil hê , hoe ons dit wil hê en waarom ons dit wil hê . Besef ons ooit dat hierdie Kerk behoort nie eers aan ons nie? As God vandag moet kom en my vra hoe het ek Sy Kerk en Sy mense bestuur(Gedien) in Sy afwesigheid , sterf ek net daar op die plek.

In Efesiërs 5v10 daag Paulus ons uit om te vra wat God wil hê . My vraag vandag is aan elke lid van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi: Het jy al werklik die Here gesoek en gevra wat HY wil hê vir die sang in ons Kerk? My vraag is aan elke lid van die gemeente en die Kerkraad : Kan jy met eerlikheid sê dat jy God soek vir hierdie brandpunt in ons gemeente? Of is jy dalk besig om jou eie tradisie oor Gereformeerd wees te probeer lewendig hou? Of bekommer jy jou net oor hoe jy "Lekker" kan sing in die Kerk?



Miskien moet ons Paulus se woorde ter harte neem: "Word Wakker, jy wat slaap en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig."

Word Wakker Thabazimbi gemeente en staan op uit die dood. Laat Christus julle lewe verlig. As ons , ons fokus van onsself af vat en op Hom rig gaan ons musiek , ons ledetal en ons finansies nie meer 'n probleem wees nie. Want dan sal elke een weet dat Hy in Jesus Christus iets het om by te dra tot die gemeente...nie vir die Kerkraad of vir die mense nie of vir self nie...MAAR VIR GOD. Want ons behoort nie aan onsself nie en kan nie net maak wat ons wil nie. Ons behoort aan God . Ons moet doen wat God wil hê . Ons moet ons talente en gawes en vermoëns gebruik om God se LIG te skyn .

In ons soeke na wat ons moet sing en hoe ons dit moets sing bly een ding vir my heeltyd kort. Orals waar daar in die Bybel oor sang gepraat word, is daar elke keer 'n ongetemde VREUGDE. 'n VREUGDE wat uitloop uit die LIEFDE vir God. Waar is die LIEFDE Gereformeerde Kerk Thabazimbi? Is jou VREUGDE in die HERE? Want as dit nie is nie...gaan jy dit nie in die vernuwende Psalms, Gesange of Geestelike liedere kry nie. As jou vreugde nie in die Here is nie kan jy maar skop soveel soos jy wil teen die vernuwing van die musiek en die dag as jy doodgaan sal die volgende generasie met die musiek maak net wat hulle wil want jy het nooit Jesus se liefde in die saak uitgestraal nie. Jy het niks vir die volgende generasie gelos nie.

Ek wil afsluit deur elke lid van die Gereformeerde Kerk Thabazimbi uit te daag om hierdie komende feestyd werklik voor God stil te raak en by Hom te hoor:

"Wat wil God hê vir die Gereformeerde Kerk Thabazimbi. Hoekom het God JOU in hierdie gemeente gesit?" As ons weet hoekom God ons in hierdie gemeente gesit het, sal jy die verskil waarna ons almal soek ..WEES.

Indien jy hierdie lees en nie weet hoe om by die antwoorde uit te kom nie...Kontak my. Ek mag dalk net 'n paai tjie ken om by die antwoorde uit te kom.

**Daleen Venter**

**IN GOD SE KERK, GOD SE LIED (1)**

Die opskrif van hierdie en 'n volgende artikeltjie in die *Ramshoring* is die ou slagspreuk van die 'Doppers' wat nie "Gezangen" wou sing nie. Die spreuk sê dat hulle net God se liedere – nie mense se liedere nie – in die kerk wil sing. Dié verskil word eers bespreek en daarna ander redes waarom mense se liedere nie die beste boustene vir die kerk is nie.

**1. Psalms, Skrifberymings en liedere van mense**

*Psalms en Skrifberymings.* Op die twee bordjies voor in die kerk word tussen Psalms (PS) en Skrifberymings (SB) onderskei. Die Psalms is natuurlik die berymings van die 150 Psalms. Die Skrifberymings is berymings van ander gedeeltes in die Skrif, byvoorbeeld die berymings van die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon, die Tien Gebooie en die Onse Vader. Almal is berymings van God se Woord. Daar was en is kerke en lidmate wat besware het teen alle of sommige Skrifberymings. Daarom bepaal artikel 69 van ons Kerkorde dat elke kerk self kan besluit of en watter Skrifberymings die gemeente sal sing.
'n Sinode van die Christelike Gereformeerde Kerke – ons moederkerk in 1859 – het in 1980 'n mooi definisie gegee van die begrip *Skrifberyming*:

> *Met 'n "berymde Skrifgedeelte" soos bedoel in artikel 69 Kerkorde moet verstaan word: 'n verwerking in liedvorm van 'n aaneenlopende gedeelte uit die Heilige Skrif waarin die oorspronklike teks getrou gevolg is.*
> [Aanhalings uit Nederlandse en Engelse bronne is deur my in Afrikaans vertaal.]

Net soos 'n Psalmberyming kan 'n Skrifberyming getoets word deur dit te vergelyk met die betrokke aaneenlopende gedeelte in die Skrif. Almal kan sulke vergelykings maak. Daar is twee berymings van die Tien Gebooie, SB 26-1 en SB 26-2 (= 9-1 en 9-2). Watter een is die beste? In Skrifberyming 26-1 is die verbondsoordeel in Eks 20:5 wel berym, maar nie in Skrifberyming 26-2 nie. SB 26-1 wat die oorspronklike teks getrou volg, is 'n beter beryming as SB 26-2. Dieselfde geld vir Psalmberymings. In Cloete se beryming van



byvoorbeeld Ps 106 is 25 van die 48 verse in die Bybel nie berym nie. Totius het al die verse berym.

*Liedere van mense* is verwerkings in liedvorm van iemand se gedagtes en gevoelens oor die Bybel en die Christelike godsdiens, soos Lied 152:
*Verhoogde Heiland, bind ons saam waar in u Naam ons hier vergader ...*
Daar is nie 'n aaneenlopende Bybelteks waarmee hierdie mooi sin vergelyk kan word nie. Die digter is *vry* van die binding aan 'n spesifieke Bybelteks. Daarom word hierdie liedere ook *vrye liedere* genoem. Prof van der Linde skryf: ***Die vrye lied wat opkom uit die subjektiewe ervaring of belewing van die digter hou die wesenlike gevaar in dat die mens met sy idees op die voorgrond kom in die plek van God en sy Woord.***

Om dié probleem te probeer oorbrug word vrye liedere soms getoets en goedgekeur deur 'n sinode. In die "Evangelisch Gezangboek" wat in 1807 in Nederland in gebruik geneem is en in 1814 in Suid-Afrika, is 'n verklaring daaroor opgeneem. Agtien professore, predikante en ouderlinge het namens agt streeksinodes met hulle handtekeninge plegtig verseker dat daar in die gesange niks voorkom wat enigsins in stryd is met die drie Formuliere van Eenheid wat op die Woord gebaseer is nie. Vandag noem ons sulke goedgekeurde vrye liedere "Skrifgetroue liedere" en nie meer "gesange" nie.
Dr van der Vyver en talle ander skrywers wys egter op allerlei dwalings in die *Gezangboek*. Daaruit blyk dat die digters en beoordelaars mense was wat " hooi met goud, stoppels met silwer en hout met edelstene vermeng het" (Calvyn op 1 Kor 3:12-15). Toe die sing van die vrye liedere verplig gemaak is, het dit in 1834 gelei tot die stigting van die Christelike Gereformeerde Kerke in Nederland en afsonderlik in 1859 in Suid-Afrika tot die stigting van die Gereformeerde Kerke. Na die stigting het die twee kerke nie net die "goeie" vrye liedere uitgesoek nie, maar die hele *Gezangboek* afgewys, want die uitgangspunt was verkeerd. Die bron, die harte van mense, is nie altyd betroubaar nie. Die enigste bron wat wel volledig betroubaar is, is die Woord van God. Van die 336 nuwe vrye liedere wat ons sinodes van 2012, 2015 en 2018 goedgekeur het, kom 322 uit die NG- en NH-kerke se gemeenskaplike *Liedboek van die Kerk* wat in 2001 vrygestel is. In 2018 het ons eie sinodale

deputate 96 van die liedere in die *Liedboek* "nié vir gebruik in die kerke aanbeveel nie" oor "dogmatiese meerduidigheid" en ander redes (Acta 2018, bl 825-28, 885-87). Hoe goed die vrye liedere ook al beoordeel en uitgesoek is en "Skrifgetroue liedere" genoem word, bly dit vrye liedere van mense.

## 2. Koers aanduidings in die Nuwe Testament

In die tyd van die Ou en Nuwe Testament is Skrifberymings en Psalms gesing (Eks 15:1; Deut 31:19; 1 Kron 6:31-32; Ps 137:3; Matt 26:30; Efes 5:19; Jak 5:13; Openb 15:3). In die Nuwe Testament word geen boek in die Ou Testament meer dikwels aangehaal of na verwys as die Psalmboek nie: minstens 415 keer! Na die laaste nagmaal waar Christus die hernude verbond ingestel het, het hulle nie nuwe nagmaal-liedere gesing nie, maar die *hallel*, Ps 113 tot 118. Ons sing vandag nog Ps 116 by die nagmaal. Christus sê self dat in die Psalms oor Hom geskryf is (Luk 24:44). Let op die baie voetnote wat na Christus verwys in die groen Psalmboek. Prof d'Assonville het dit die titel van een van sy boeke gemaak: *Die Psalms sing van Christus*. Die lofsange van Maria, Sagaria en Simeon wat deur die Heilige Gees geïnspireer is, was miskien al opgeskryf en gesing toe Lukas hulle ongeveer vyftig jaar later in sy evangelie opgeneem het (Luk 1:1-4). Simeon was toe al lankal oorlede. Die liedere van Moses in Eks 15 en Deut 32 was ook bekend. Hulle is elke sabbat in die tempel gesing (Edersheim) en aangehaal in Openb 15:3-4. Die Nuwe Testament gee nie 'n nuwe liedboek nie, maar bou die gemeentes op met die bekende Psalms en ander geïnspireerde liedere wat vandag nog in die Bybel staan. Nadat Johannes die Openbaring van Jesus Christus opgeskryf het, het die Heilige Gees die Bybel nie met nog meer liedere uitgebrei nie. Die drie ledige reeks *psalms en lofsange en geestelike liedere* in Kol 3:16 en Efes 5:19 beteken allerlei soorte liedere (Calvyn) wat deur die Heilige Gees beheers en bepaal is (Greydanus). Ons is net honderd persent seker dat 'n lied die gesag van die Heilige Gees dra, as die lied in die Bybel staan.

## 3. Die eensydige aard van vrye liedere

God is in die "Evangelische Gezangboek" volgens van der Vyver meesal



> *'n liefdevolle Vader sonder geregtigheid, sonder toorn wat brand soos vuur teen die sonde ... 'n Gemis aan die strafeisende geregtigheid van God is juis die oorsaak van die valse grondtoon in menige Gesang ... Die gespierde taal van Gods Woord, dat God 'n God van geregtigheid is, wat die sonde straf en dat ons die verlossing alleen deelagtig kan word deur die geloof in die soenverdienste van Jesus Christus onse Here, hierdie taal soek mens in menige Gesang tevergeefs.*

Hierdie soort eensydigheid is ook kenmerkend van die hedendaagse vrye liedere. Dit blyk uit 'n ondersoek na die gebruik van 268 dreigende en 186 vertroostende woorde in die 150 Psalms en in 136 van die nuwe "Skrifgetroue liedere". Dreigende woorde is byvoorbeeld r*egter, vonnis, oorlog, swaard, straf, toorn, vyand, teenparty, leuen* en *spot*. Vertroostende woorde sluit in *liefde, loof, halleluja, gawes, bevry, genade, vrede, jubel* en *fees*.

In die 150 berymde Psalms van Totius kom die dreigende woorde 966 keer voor en die vertroostende woorde 964 maal. Die verhouding is 50 % van elk. In die 136 vrye liedere wat die Sinode van 2018 op een dag goedgekeur het, kom net 24 van die dreigende woorde voor en 632 van die vertroostende woorde; dit is net 4 % teenoor 96 %. Dit is duidelik dat in die 136 vrye liedere die toorn van God oor verbondsafval bykans weggelaat is en die liefde van God eensydig uitgelig word. Jesus is die goeie Herder wat die lammertjies teen sy bors dra en die ooie saggies lei (Jes 40:11). Ja, maar dieselfde Jesus dra as Herder ook 'n yster-knopkierie waarmee Hy die vyande soos kleipotte verpletter (Ps 2:9; Openb 2:27). Hoe kan 'n liewe Jesus my verlos van die Satan wat soos 'n brullende leeu rondgaan (1 Petr 5:8), as Hy nie self behalwe die geslagte Lam ook die Leeu uit Juda is nie (Openb 5:5-6)? Die neiging om net God se verbondsliefde raak te sien en nie God se toorn oor die afval van die verbond nie, sit in ons almal se hart. Dit is nie lekker om gewaarsku te word teen ongehoorsaamheid, onheil en God se verbondswraak nie, maar dit is wat die Bybel aanhoudend doen. Die verbond is 'n eenheid van bepalings, bedreigings en beloftes wat ons elke keer hoor wanneer die Wet voorgelees word, sodat ons nie afdwaal nie en die ware geloof behou.

**IN GOD SE KERK, GOD SE LIED (2)**

In die eerste artikeltjie is daarop gewys
(1) dat die bron van Psalm- en Skrifberymings die Woord van God is en
die bron van vrye liedere woorde van mense,
(2) dat in die Nuwe Testament Psalm- en Skrifberymings gesing is en
(3) dat vrye liedere die liefde van God eensydig uitlig.

In hierdie vervolg-artikeltjie word gekyk na
(4) die ekumeniese aard van die vrye liedere en
(5) die goue draad in die kerkgeskiedenis wat alle mensgemaakte liedere in die kerk afwys.

**4. Die ekumeniese aard van die vrye liedere**

*Ekumene* beteken 'die hele bewoonde aarde'. Die 322 liedere uit die *Liedboek van die Kerk* is 'n versameling van liedere uit 'n groot verskeidenheid van kerke in baie lande wêreldwyd. Die kerk of kerklike rigting van die oorspronklike digters is op die internet gesoek. Die digters was onder meer betrokke by Lutherse (77), NG en Hervormde (42 +15), Oosters-Ortodokse en Roomse (4+39), Nederlands Hervormde (38), Anglikaanse (19), Charismatiese, Independentistiese, Kwakerse, Metodistiese, Morawiese, Piëtistiese, Presbiteriaanse, Puriteinse en Zwingliaanse kerke (40) en interkerklike groepe (15). Elsabé Kloppers van die Hervormde Kerk is 'n bekende himnoloog. Sy wys in van haar publikasies daarop dat 'n gemeenskaplike liedereskat die gelowiges in verskillende kerke bymekaar bring en saambind, nie net van die Reformatoriese Kerke nie, maar van almal wêreldwyd. "Die ekumeniese organisasies wat wêreldwyd bestaan en wat oorkoepelend oor kerk- en landsgrense leiding in kerk- en geloofsake gee" beywer hulle onder meer "om ooreenstemming in die weergawe van liedere te verkry."
Om die samebinding te bewerkstellig moet die *gemeenskaplike* liedere wegskram van sake soos die onderskeid tussen ware en valse kerk (NGB, artt 28-29), die onderskeid tussen die nagmaal en die Roomse mis (Sondag 30) en die verskille tussen ware en valse leer (Dordtse Leerreëls). Die belydenis



verskraal tot net die Apostoliese Geloofsbelydenis, of nog meer tot liedere oor net die goedheid van die Vader, die Seun en die Heilige Gees wat in plaas van die Apostoliese Geloofsbelydenis gesing kan word. Kerkmusiek en die kerklied moet volgens haar "uitdrukking wees van die regverdiging – dus van *geloofsvryheid*." Maar wanneer 'n katkisant in ons plaaslike kerk sy of haar geloof bely en wanneer iemand as predikant, ouderling of diaken bevestig word, is daar nie iets soos "geloofsvryheid" nie. Die gemeente is getuie dat jy jou onderwerp aan die Woord, aan die drie Formuliere van Eenheid en aan die kerklike tug.

**5. Koersaanduidings van ons kerkvaders**

Vanaf die Vroeë Kerk tot vandag is daar 'n goue draad in die kerkgeskiedenis wat vrye liedere as geheel afwys en vashou aan slegs Psalm- en Skrifberymings, slegs die Skrif, *Sola Scriptura:*

- Die Sinode van Laodicea omstreeks 363 na Christus: *Geen psalms wat geskryf is deur private individue of enige een van die nie-kanonieke boeke mag in die kerk gelees word nie, maar slegs die kanonieke boeke van die ou en nuwe testament*.
- Augustinus (354-430): Calvyn skryf: "*Maar wat Augustinus sê is waar: Niemand kan liedere sing wat waardig vir God is nie, behalwe as hy hulle van Hom ontvang het nie.*"
- Die Sinode van Braga, omstreek 561 na Chr: *Geen poëtiese geskrif mag in die kerk gesing word nie, behalwe die psalms van die heilige kanon.*
- Vanaf die sesde tot die elfde eeu het vrye liedere die Psalm- en Skrifberymings al hoe meer verdring totdat vanaf die twaalfde eeu die vrye liedere die bo-toon gevoer het in die Roomse Kerk.
- Luther (1483-1546) en sy voorgangers het weer berymde Psalms ingevoer, maar ook baie van die Roomse vrye liedere behou en nuwes bygevoeg.

- Calvyn (1509-1564) het met die vrye liedere gebreek en teruggegryp na die Vroeë Kerk. Hy het alle Psalms, die lofsang van Simeon, die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels van die Geloof laat sing. In 1543 skryf hy: *nadat ons noukeurig ondersoek ingestel het en naby en ver gesoek het, sal ons geen beter liedere vind ... as die Psalms van Dawid, wat die Heilige Gees deur hom gespreek en gemaak het nie. En bowendien, as ons hulle sing, is ons seker, dat God hulle ons in die mond lê, asof Hy self in ons sing, om Sy roem te verhef.*

- Louis Benson konkludeer: *Die nuwe Protestantse Kerklied was dus vanaf die begin verdeel in twee aparte strome, met Luther en Calvyn as hulle onderskeie oorspronge ... die Lutherse himnes moet beskou word as die lynregte voortsetting van die Latynse himnes in die Rooms Katolieke Getyeboek ... Die Calvinistiese Psalm daarenteen moet gesien word as die lynregte voortsetting van die Vroeë Kerk se Psalmodie.*

- 1619: Artikel 69 van die Dordtse Kerkorde: *In die Kerke sal alleen die 150 Psalms van Dawid, die tien Gebooie, die onse Vader, die 12 Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Die gesang: "O God wat onse Vader is",* [by Calvyn was dit 'n gesproke gebed voor die preek] *word in die vryheid van die Kerke gelaat om dit te gebruik of na te laat. Alle ander gesange moet uit die Kerke geweer word ...*

- 1836: Artikel 69 KO van die Christelike Gereformeerde Kerke: *In die byeenkomste van die Gemeentes sal gebruik gemaak word van die gewone beryming van die 150 Psalms van Dawid en van die liedere wat in die Bybel gevind word, met weglating en afwering uit die vergadering van die Gemeente, die menslike gesange, wat nie in die Bybel gevind word nie, sodat die werk van mense nie gelyk gestel word aan die werk van manne wat gespreek het terwyl hulle gedryf is deur die Heilige Gees nie.*

- 1859: Ds Dirk Postma verklaar: *Maar as die Kerk net bly by die Gesange waarvan die teks in die Bybel staan, dan is sy verseker op die veiligste weg. En hierdie weg kan ek met volle vrymoedigheid bewandel* (Krüger).



- 1862: Vyf van die Gereformeerde Kerke "het die Dordtse Kerkorde met artikel 69 KO as basis vir hulle Konfederasie in sinodale verband aanvaar" (Spoelstra).

- 1942: Die Sinode van Aliwal-Noord aanvaar Totius se beryming van 48 nuwe Skrifberymings. Dit is die begin van die GKSA se bekende art 69 KO: *In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander Skrifberyminge wat die sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerke gelaat.*

- In 2012 verander die Sinode artikel 69 KO met drie woorde: ... *Ander Skrifberyminge <u>en Skrifgetroue liedere</u> wat die Sinode goedgekeur het, word in die vryheid van die kerke gelaat.*

Met die drie woorde is die goue draad van slegs die Skrif in die kerksang verbreek. Op die Sinode van 2012 is dadelik 20 liedere goedgekeur, op die Sinode van 2015 'n verdere 31 en op die Sinode van 2018 op een dag 136 en op die volgende dag nog 149 wat die totaal op 336 te staan bring. Onder hulle is daar 48 verwerkings in Afrikaans van vrye liedere in die *Evangelische Gezangboek* wat die 'Doppers' nie wou sing nie.
Anders as in 1834 en in 1859 berus die keuse vir of teen die slagspreuke vir die kerksang ("Sola Scriptura" en "In God se kerk, God se lied") nou wel by ons plaaslike kerke. Daar is dus geen wettige rede om af te skei van die Gerefomeerde Kerke wat "Skrifgetroue liedere" sing nie. Ds Postma wou kerke wat "regsinnige gesange" sing, nie veroordeel nie.
Die implikasie van ons Kerkraad se besluit om nie "Skrifgetroue liedere" te sing nie, is dat ons kerksang die Skrif getrou moet volg en dat ons bogenoemde goue draad in ons eredienste sal voortsit.

**6. Samevatting**

In die twee artikeltjies is vyf redes gegee om nie "Skrifgetroue liedere" te sing nie:

- Die bron van die Psalms en die Skrifberymings is die Woord van God, maar die bron van die goedgekeurde vrye liedere is die harte van mense.
- In die Nuwe Testament is Psalms en Skrifberymings gesing wat deur die Heilige Gees geïnspireer is. Na die afsluiting van die Skrif is daar nie nuwe liedere deur die Gees by die Skrif gevoeg nie.
- Die vrye liedere beklemtoon die liefde en goedheid van God, maar verswyg bykans die bedreigings, die vuur en toorn van God, wat ons waarsku teen afval.
- Die vrye liedere is ekumenies. Hulle kom van mense uit allerlei kerke wêreldwyd, vanaf Rooms tot Luthers tot Calvinisties en verskuif so ons belydenis oor ware en valse kerk tot diep in die agtergrond.
- Vanaf die Vroeë Kerk tot vandag is daar 'n goue draad in die kerkgeskiedenis wat vrye liedere as geheel afwys en vashou aan slegs Psalm- en Skrifberymings.

Gerard Schuring

Leeupoort, November 2018





## Grappies

Sommige grappies werk net beter in Engels

**Q: What happens when you play Beethoven backwards?**
A: He decomposes.

**Q:Why did Mozart kill his chickens?**
A: Because they always ran around going "Bach! Bach! Bach!"

Q**: What concert costs 45 cents?**
A: 50 cent featuring Nickelback

**Q: What happens when you play "the blues" backwards?**
A: Your wife comes back to you, your dog returns to life and you get out of prison.

Q**: What's the difference between a piano and a tuna?**
A: You can tuna piano, but you can't piano a tuna



# Musiek koerant

## Gemeente nuus





## Antjie Potgieter skitter by prysuitdeling



Antjie maak ons trots deur op die prysuitdeling hierdie jaar weg te stap met die Kultuurtoekenning vir musiek senior fase. Sy behaal die hoogste punte met 'n totaal van 120 op die ATKV tabel .



# Albert du Plessis

**Wanneer het jy besef dat jy van musiek hou?**

Ek het van kleins af van sing gehou. So het ons –my tweelingbroer, ek en so 6 stuk niggies en neefs as ons saam gekuier het 'Kerk Kerk' gespeel. Die diens het meer uit sing bestaan as iets anders en ons het 'Bi-SI-Ka' gesing-wat dit beteken weet nugter.

Die regte musiek ding het eintlik begin toe my ma 'n klavier by haar pa erf-dis gerestoureer en toe dit sy staanplek in die huis kry kondig Ma aan: "Julle twee gaan vir 'n jaar lank klavierlesse neem."

My boet het vir 'n jaar uitgehou maar elke oomblik gehaat! Ek het so bietjie langer as 3 jaar uitgehou tot ek nie meer die seer kneukels kon hanteer van Tannie Stephni se liniaal op hul as ek foute maak nie. Wat egter blywend was, is dat ek geleer het om musiek te lees en Ma se



klavier was steeds in die huis en ek kon nou speel wat ek wil wanneer ek wou! Dit dink ek het my liefde vir musiek warm gehou en geniet ek dit steeds dag na dag.

**Hoe het jy begin om orrel te speel?**

Nou hierdie antwoord mag net nooit op die Kerkraad tafel land nie. So doen ek en my broer katkisasie 5uur Maandagmiddae by die kerk-Ons het na skool by die koshuis geëet en gestudeer en was so 4uur by die kerk- erg verveeld haal ek eendag 'n paar van die hortjies vensters uit en klim in. Trekpleister die Hammond orrel agter in die kerk. So begin ek vir bietjie minder as 'n uur elke Maandagmiddag orrel speel in die kerk. Eers na Universiteit , Army en Technikon terug op Thaba vra Ds. Cassie Aucamp my om een Sondag uit te help want tannie Anna Scheepers ,toe die orrelis was nie beskikbaar nie-So het dit begin!

Lidia Potgieter was na tannie Anna orrelis en toe sy en haar man Vrystaat toe verhuis is ek aangestel as voltydse orrelis. Tyd en datum is nou nie hoog op my lysie nie (Dit is  hoekom ek nie Geskiedenis op skool gehad het nie) maar ek dink dit was mid-laat 1990's

**Hoeveel instrumente speel jy?**

Ek kan enige iets met wit en swart klawers speel.

**Is julle 'n musikale familie?**

Nie so seer nie, maar almal kan tenminste noot hou as hulle sing! My dogter Ariane het ook klavierlesse in die laerskool gehad maar moes weens haar Pa se skelle as sy verkeerd speel ophou.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof bymekaar uit?**

My musiek en geloof is soos ’n tweeling soos ek is! Ek lees woorde om te verstaan wat dit regtig sê voor ek dit probeer verwoord in orrel klank-ek hoop almal kan die verskil hoor Sondae tydens Eredienste wat verskillende verse vir ons sê en hoe ek dit probeer weergee. In kort is my geloof in een Christus en om een Gemeente op my God gegewe gawe te dien.

**Wat is jou droom vir die musiek in ons gemeente?**

My droom is dat elke lidmaat (Tannie Doris Schoeman het altyd gesê ledemaat) sy of haar geloof passie in my begeleiding kan vind om met oorgawe haar of hom se deelname as ’n ware geloof belewenis te ervaar.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons speel en sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek dink dat die sang bundel in die GKSA so dik soos 3 state Bybels saam kan wees-dit beken nie dat ons alle christelike liedere wat bekend is, sal insluit nie-tans sing ons nie ’n derde van die huidige Psalms nie omdat die melodies onsingbaar is. Louis Scheepers het my nou die dag gevra of daar alternatiewe melodieë is vir van die psalms wat ons nie sing nie-die antwoord is ja ons moet dit net vind-nuwer berymings en melodieë is ook beskikbaar maar ’n tuis Kerkraad besluit het dit uitgesluit-vir voortbestaan en ons kinders dink ek moet ons anders begin dink!

**Dink jy as ons meer liedere sing gaan ons ophou om Psalms te sing?**

“Nope”, nooit sal ons ophou Psalms sing nie.



# *Onderhoude uit die gemeente*

**Annatjie Potgieter**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy ’n musiek instrument speel?**

Ja, ek sal sê ek is...Ons hele gesin is so geseënd om musikaal te wees. Almal sing lekker en kan mooi noot hóú. Natuurlike aanvoeling vir musiek is ’n groot gawe van Bo. Ek kan klavier en ’n bietjie kitaar speel.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Deur sang loof ons ons Koning!

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Dit kom uit Die Woord , so dis goed en reg en waar. Ek sou egter ander geestelike liedere ook wou sing. Gesang 177 is nou dan ’n Skrif beryming, so ek dink regtig die sinode kan ander geestelike liedere ook ondersoek. Selfs die Onse Vader was ook ’n Gesang... Sommige Psalms het onsingbare wysies en party woorde is onverstaanbaar. Veral die kinders in Gereformeerde Gemeenskap verstaan baie Psalms se woorde moeilik. Ek dink persoonlik dat dit ook een van die redes is waarom so min jongmense in die GK bly. Om God te loof is dit ook belangrik om te wee twat jy sing. Ps.150 is ’n goeie voorbeeld. Die gesang Loof Hom met die tromme sê presies dieselfde maar is baie meer singbaar en treffend. Dit wys egter vir my dat daar verskeie liedere is waarmee ons God van harte kan loof en prys.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Verseker nie. Daar is so baie pragtige psalms wat ’n mens nooit kan ophou sing nie! Ons is al van kleins af reeds dit geleer! Daarmee saam ook ’n klomp Skrif berymings wat pragtig is.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Daar is verskriklik baie! Ps. 92,100,149,33,48,107,46 en nog BAIE ander. Die Oorwinningslied is ook een van my gunstelinge, asook klomp Kersliedere soos Stille nag, Kom kinders besing, Kersfees kom en nog baie meer! Musiek is deel van ons lewe elke dag!

### Antjie Potgieter (13jaar)

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy 'n musiek instrument speel?**

Ja, ek en my familie is musikaal. Ek speel die Marimba, Klavier en het myself geleer Blokfluit speel. Ek doen solosang ook.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

As ek psalms en Christelike liedjies sing, leer ek meer van God en loof die Here.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat  ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Dit is mooi en volgens die Bybel.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing  gaan ons ophou om psalms te sing?**

Nee, want ek geniet dit om Psalms te sing en ook ander geestelike liedere.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Herders op die ope velde en Die Onse Vader

**Breggie Venter**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy 'n musiek instrument speel?**



Ja, ek is musikaal. Nee ek kan nie 'n instrument speel nie. Ons is 'n musikale familie.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Musiek en die gawe van gehoor kom van God af.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat  ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek is lief vir alles wat ons sing.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing  gaan ons ophou om psalms te sing?**

Dit sal 'n droewige dag wees as ons enige iets sou uitlaat.

**Jacobus Dreyer**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy 'n musiek instrument speel?**

Ek kan soort van noot hou. Sal nie sê ons familie is musikaal nie. Ek ken so drie drukke op die kitaar.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Die Here se liefde vir musiek is aansteeklik. Daar is altyd 'n lied in my hart!

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat  ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Dit is baie tradisioneel.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing  gaan ons ophou om psalms te sing?**

Verseker nie ophou nie. Sal uit die aard van die saak wel verminder.

**Wat is jou gunsteling lied?**

In die Kerk : Die Onse Vader. Buite die Kerk: Daar is so baie. Nana Mouskouri se weergawe van Amazing Grace is verseker onder die top drie. Oja en Boeremusiek natuurlik!

**Stephnie van der Walt**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy 'n musiek instrument speel?**

Ek is nie musikaal nie en ook nie my familie nie. Ek kan ook nie 'n musiekinstrument speel nie, maar ons almal hou baie van musiek.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

As ons sing mer huisgodsdiens en so ook in die kerk.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Dit sal so lekker wees om uit die liedboek liedere te sing in ons kerk! Ons psalms is moeilik om dadelik te verstaan wat 'n mens sing. Ek voel ons kan die kinders ook in ag neem rondom die liedere.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Nee glad nie.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Soos 'n wildsbok wat smag na water.

**Nicolette Coetzee**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy 'n musiek instrument speel?**

Ek het baie talente maar musiek is beslis nie een daarvan nie. Dit was nog altyd 'n groot droom van my om 'n musiekinstrument te speel maar



helaas...die talent skort. As klipharde musiek en lekker lang arm tel...dan is ons familie musikaal.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Musiek en geloof is beide dinge wat mens tot in jou siel kan beweeg.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek weet dis 'n belangrike deel van ons Kerklike gebruik maar dit laat my soms min voel.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Eerlikwaar? Ek dink die debat hier rondom is een van die issues in die Kerk wat die fokus wegneem van wat regtig belangrik is .

**Wat is jou gunsteling lied?**

Binne die kerk kan die Onse Vader my soms in trane hê. Verder is Avril Lavigne se "Head above water" nou 'n gunsteling.

**Thea Steenkamp**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy 'n musiek instrument speel?**

Ek kan nie 'n instrument bespeel nie. Ook nie in ons familie nie.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek is Tevrede met die psalms.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

**Wat is jou gunsteling lied?**

Ek speel graag gospel musiek by my huis. My gunsteling psalm is 20.

**Johan Venter (9 jaar)**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy ’n musiek instrument speel?**

Ja, ek is musikaal en gaan volgende jaar begin met Klavier lesse.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Ek weet nie.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Dit is nie lekker nie, maar dit is ook nie sleg nie.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Al sal ons ander liedjies sing in die kerk sal dit vir my dieselfde wees.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Ek hou van baie liedjies.

**Andries Venter (12jaar)**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy ’n musiek instrument speel?**

Nee ek is nie musikaal nie, maar ek hou baie van musiek.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Ek loof en prys God met musiek.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek like dit.



**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Nee.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Grace got you van Mercy Me. Psalm 23

**Driaan du Plessis**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy ’n musiek instrument speel?**

Nee ek en my familie is nie musikaal nie. Ek kan net een of 2 goedjies met een vinger op ’n klavierspeel.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Om die Here te loof deur te sing speel ’n belangrike rol in my geloof. Ek luister ook gereeld na Christelike Psalms en liedere deur YouTube.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek vereenselwig my nie met al die Gereformeerde Kerke en wat hulle sing en gebruik as musiek in hulle Eredienste nie. Ek voel ons het baie mooi Psalms en Skrif berymings wat ons wel kan gebruik.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Ek kan my nie vereenselwig met die Liedboek of Gesangeboek in GK nie. Ek voel wel as hulle dit wil gebruik vir addisionele sang dat buite die erediens moet plaasvind.

**Wat is jou gunsteling lied?**

SB 10-1 “O Vader, in die hemelhoog” op die wyse van Lied 406(Halleluja Bundel 1951) soos ons hom altyd sing.

**Dirk Coetzee**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy ’n musiek instrument speel?**

Nóg ek nóg my familie is musikaal of kan instrumente speel nie.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Ek sing in die kerk.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek geniet Psalms en SB baie. Ek voel wel ons gaan moet relevant bly in ons ‘kerk hou’ vir die kinders.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Ek dink nie ons sal ophou Psalms sing nie, maar soos die vorige antwoord oor relevansie dink ek nie ons moet ander liedere summier afskiet nie.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Psalm 146 “Prys die Heer en Psalm 33 “Sing vrolik...”

**Riana Oosthuizen**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy ’n musiek instrument speel?**

Nee maar ek het ’n stem wat kan sing en my man en 4 seuns sing baie mooi.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

My stem (sing) is deel van my lofprysing.



**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Ek hou van die Psalms en Skrif berymings maar voel ons kan maar regtig die goedgekeurde liedere ook sing. My seuns is grootgemaak op Jan de Wet sen die Loflaaities. Dit is die musiek wat ons gesing het Sondae op pad kerk toe en hulle is pragtige jong manne wat sterk staan op hulle Gereformeerde beginsels. Ons mag maar ander Christelike musiek ook sing.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Glad nie, ons het dan nog ’n groter verskeidenheid om van te kies om te sing.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Skrif beryming 18-6 en die Oorwinningslied.

**Maureen Schutte**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy ’n musiek instrument speel?**

Nee nie regtig nie. Ek kon klavierspeel toe ek jonk was maar het dit heeltemal verleer.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Deur te sing in die kerk prys ons die Heer.

**Hoe voel jy oor die tipe musiek wat ons sing in die Gereformeerde Kerk?**

Geen probleem met die musiek in die Gereformeerde Kerk nie.

**Dink jy as ons meer liedere en gesange sing gaan ons ophou om psalms te sing?**

Nee ’n goeie balans kan gehandhaaf word.

**Wat is jou gunsteling lied?**

Frans se lied is Psalm 119 en myne is Psalm 130

**Ilona Van der Merwe**

**Is jy en jou familie musikaal en kan jy 'n musiek instrument speel?**

Ek wou van kleins af wou ek bitter graag klavierspeel. Eers in St . 6 kon my ouers 'n klavier bekostig en het ek begin les neem. My ouers was geensins musikaal. Ek het met baie genade 'n B.Mus. HONN graad aan die Pukke gekry met klavier en sang as vakke. Ek het 'n onderwys diploma gedoen en vir 22jaar musiek gegee.

**Hoe bring jy musiek en jou geloof by mekaar uit?**

Vir my is geloof en musiek onlosmaaklik. Dit is in musiek wat ek God aanbid, hom loof en Hom lof besing

**Wat is jou droom vir musiek in ons gemeente?**

My droom vir musiek in ons gemeente is dat elke lidmaat met volle oorgawe daaraan sal deelneem. Dat ons deur die diens saam God sal loof en prys in werklike aanbidding. Sondae sing ons slegs 'n paar Psalms tydens die diens wat dikwels op moeilike melodieë en toonwaarde is. Dan wonder ek hoe gaan ons in die hemel dag en nag die Almagtige loof en prys. In Eksodus 15v1-20 en Psalm 150v3 lees ons hoe die volk gesing en koordans, tamboeryne fluite basuine harpe siters  en klinkende simbale gebruik het om GOD TE LOOF EN PRYS. Hoe klink ons dankliedere? My pleidooi is : Laat ons ASB. meer sing-ook ander geestelik liedere al is dit nie tydens die ere diens nie. Dit is tog wat Paulus in Ef. 5v18-19 vra:

"Moenie dronk word van wyn nie..maar word met die Gees vervul en spreek  /sing onder mekaar met psalms en lofsange en GEESTELIKE LIEDERE en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die HERE."



## Baie geluk met die volgende persone wat verjaar:

*Verjaarsdae - 80 jaar en ouer:*

- Trix Dreyer - 82 jaar - 16 Desember - 082 357 6835 Wyk Pionierspark
- Tinie Steyn - 81 jaar - 10 Januarie - 082 871 0677 wyk Faunapark
- Koeks Venter - 85 jaar - 10 Februarie - 014 7722612 wyk Boschfontein

## Belydenis van geloof
## Jani du Plessis



***Jani lê belydenis van geloof af op die 11de November 2018.***
***Mag jy jou geloofspad stap in die vrede van die Here.***

## KERKRAAD BESLUITE OOR ONS PLAASLIKE KERKSANG

Nadat die groen Psalmboek in 2003 uitgegee is, het die Kerkraad vanaf 22 April 2004 tot 21 April 2005 die volgende besluite geneem:

(1) *In die erediens word (soos tans die gebruik is) van elke Psalm/Skrifberyming net die beryming(s) in die "ou" Psalmboek gesing, totdat die Kerkraad besluit het om 'n addisionele omdigting te aanvaar vir gebruik in die erediens."*

(2) *In ons eredienste word steeds die Psalmberymings in die "ou" Psalmboek gesing en nie die nuwe omdigtings van Cloete en die ander digters nie.*

(3) *Dertien van die 29 nuwe berymings wat die Sinodes tot 2003 goedgekeur het, is aanvaar vir gebruik in ons eredienste:*

*1-3 So lief het God die wêreld (Joh 3:16-21)*

*2-6 Oorwinningslied na die deurtog (Eks 15:1-18)*

*3-1 Die volk wat in die donker wandel (Jes 9:1-6)*

*3-2 Christus, die Seun, is beeld van God (Kol 11:15-20)*

*7-2 Gees- en Bruidroep (Openb 22:12-15, 16b-17a, 20)*

*10-2 Ons Vader wat woon in die hemel (Matt 6:9-13)*

*11-2 Jy is myne (Jes 43:1-7)*

*12-1 Ek glo in God die Vader (Apostoliese Geloofsbelydenis)*

*12-3 Enigste Here, enkele wese (NGB, art 1)*

*14-2 Al sou dan ook die vyeboom (Hab 3:17-19)*

*14-3 Die wapenrusting van God (Ef 6:10-20)*

*15-1 Gebed vir die kerke (Efes 3:14-21)*

*18-6 Ek sien 'n nuwe hemel kom (Openb 21:1-7)*]



Die sinodes van 2009 tot 2018 het nog 1 Psalmberyming, 10 Skrifberymings, 6 Belydenis-berymings en 336 Skrifgetroue liedere goedgekeur vir kerklike gebruik. In totaal is nou al 747 liedere aanvaar. Die meeste kom uit die "Liedboek van die Kerk" en ander uit eie bronne.

Daar is soveel verskillende menings oor die sing van Skrifgetroue liedere in ons kerk-verband dat Sinode 2015 (Acta, bl 396) planne vir *twee* nuwe Psalmboeke goedgekeur het. In die hersiene 1976-Psalmboek ("Swart Psalmboek") sal al die "Totius-berymings", die Messiaanse weergawe van Psalm 110 en alle Skrifberymings en Belydenisliedere wat tot Sinode 2015 goedgekeur is, opgeneem word, asook net 'n lys van die meer as drie honderd goedgekeurde liedere uit die *Liedboek van die Kerk*.

Die beoogde hersiene 2003 (groen) Psalmboek is dieselfde as die swart Psalmboek, behalwe dat dit ook die 150 vryer Psalm-omdigtings van Cloete en van ander Psalm-berymers sal insluit en alle Skrifgetroue liedere wat nie in die Liedboek voorkom nie. Die 'swart' Psalmboek sal dus nie en die 'groen' Psalmboek wel Skrifgetroue liedere opneem.

In aansluiting by die Kerkraad se besluite in die verlede en die sake hierbo genoem, het die Kerkraad op 9 Mei 2018 soos volg besluit:

(1) *Dat die GK Thabazimbi nie Skrifgetroue Liedere in die eredienste sing nie.*

(2) *Dat die bestaande besluite oor ons plaaslike kerksang gehandhaaf word.*

(3) *Dat 'n kommissie aangewys word om aanbevelings te maak oor die wel of nie sing van die 17 nuwe berymings (Prof Erasmus, Louis Scheepers, Gerard Schuring, Ds Neville Boy as sameroeper)*

(4) *Dat die plaaslike predikant en plaaslike ouderlinge wat leesdienste hou, die besluite oor ons plaaslike kerksang sal nakom.*

(5) *Dat ander predikante, proponente en teologiese studente wat gevra word om een of meer van ons eredienste te lei, in kennis gestel word van ons besluite oor kerksang met die versoek om die besluite goedwillig in ag te neem.*

Vir belangstellendes is nog 'n dokument van die kommissie "Aantekeninge oor die sing van skrifgetroue liedere en berymings" by die kerkkantoor beskikbaar.

Ad hoc kommissie vir kerksang

## Musiek projekte

Trompet vaas



Kitaar lamp



Kitaar boks juweel kas



Drom stel boekrak





## Musiek partytjie

Maak mikrofone met 'n roomys cone en 'n cupcake

Versier koek met bruin en wit sjokelade om note voor te stel




